# AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Die landboubedryf in Suid-Afrika moes sedert die deregulering van die beheerrade belangrike funksies uit eie fondse onderhou. Hierdie funksies stel ons waardeketting in die landbou vanaf produsent tot verbruiker in staat om wêreldwyd mededingend te wees. Dit verseker voedselsekerheid en die funksies wat befonds word, is onder meer van die hoekstene waarop ons vrye mark gevestig is.

**Waarom is die wintergraanheffings vrywillig en nie meer statutêr nie?**

Georganiseerde landbou moes ingryp in die werksaamhede van die Wintergraantrust (WCT). 'n Alternatiewe trust is in plek gestel nadat die Nasionale Landboubemarkingsraad nie die bedryf se aansoek vir voortsetting van die statutêre heffing wou aanbeveel nie. Belangrike bedryfsfunksies word met die fondse gefinansier en dus moes die bedryf vinnig 'n alternatiewe stelsel in plek kry voor die aanvang van die nuwe bemarkingseisoen op 1 Oktober 2020. Die Trust sal bekend staan as die Suid-Afrikaanse Wintergraan-bedryfstrust (SAWCIT).

**Wat is die belangrikste funksies wat met die heffings gefinansier word?**

- Suid-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL)
- Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS)
- Navorsingsprojekte
- Transformasie

**Wie ondersteun die vrywillige heffing?**

Privaatsektor: SANSOR (saadmaatskappye), Agbiz Grain (opbergers), Graan SA (produsente), AFMA (veevoervervaardigers, SACOTA (handelaars), JSE (Safex), Nasionale Meulenaarskamer (meulenaars), Suid-Afrikaanse Kamer van Bakwese (bakkers), Pioneer Foods (PepsiCo) en die SA Nasionale Verbruikersunie.

**Is die doelstelling en funksies van die nuwe trust anders as die vorige Wintergraantrust (WCT) waaruit die noodsaaklike funksies befonds was?**

Nee, dit is feitlik identies. Die bedryfskoste sal egter minder wees. Die interim maatreël geld tot die WCT se bestuur weer na wense funksioneer.

**Vir meer besonderhede kontak asb:**

Leon du Plessis – Epos: leon@llagric.co.za.

**DIE HEFFING WORD BY DIE EERSTE PUNT VAN VERKOPE INGEVORDER. ONDERSTEUN ASSEBLIEF U BEDRYF EN VERSEKER DAT DIE HEFFING VIR DIE 20/21 BEMARKINGSJAAR AAN SAWCIT OORBETAAL WORD**

## SUID-AFRIKAANSE WINTERGRAAN-BEDRYFSTRUST (SAWCIT)

**MAGTIGING: VORDERING VAN VRYWILLIGE BEDRYFSHEFFINGS**

Hiermee magtig ek (volle name en van) ________________________________________

Noemnaam: ___________________________ Plaasnaam: ___________________________

Distrik: _______________________________ ID-nommer ____________________________

die ondergenoemde instansie om die vrywillige heffings op **al die betrokke graan** wat deur my persoonlik, of deur die regspersone wat ek verteenwoordig, geproduseer is en aan die instansie gedurende die tydperk 1 Oktober 2020 tot 30 September 2021 gelewer word, te vorder nadat my verpligtinge teenoor die instansie nagekom is, en maandeliks aan die SA Wintergraan-bedryfstrust ("SAWCIT") oor te betaal:

**Koring** **R14,50**

**Gars** **R14,50**

**Hawer** **R 6,00**

**(Heffings word per metrieke ton gevorder en is onderworpe aan BTW)**

Ek en die regspersone wat ek verteenwoordig:

(1) doen hiermee afstand van enige verhaalsreg van welke aard ookal teenoor die genoemde instansie in terme van hierdie magtiging.

(2) onderneem om die vrywillige heffings wat van toepassing is op die graan wat ek by die instansie lewer te laat oorbetaal aan SAWCIT tot tyd en wyl ek hierdie magtiging skriftelik aan die instansie kanselleer.

| NAAM VAN REGSENTITEIT WAT GRAAN LEWER | NAAM VAN INSTANSIE (Waar u lewer en verhandel) | LEWERINGS-NOMMER (Indien van toepassing) |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

……………………………………..
**HANDTEKENING**

……………………………………..
**DATUM**